

**13 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 20:1-16**

### **Paulus bemoedig die gemeentes**

Na die oproer in Efese vertrek Paulus na Masedonië en Griekeland (Filippi, Tessalonika en Berea) om die gelowiges te verseker dat die Here steeds in beheer is. Volgens vers 4 sluit verskillende persone uit die gemeentes by Paulus aan om die ingesamelde geld na Jerusalem te neem. Die gelowiges in Jerusalem het as gevolg van vervolging onder groot armoede gebuk gegaan. Toe hulle in Troas aankom op die eerste dag van die week, het Paulus daar 'n preek gehou wat tot middernag geduur het. In die bovertrek waar die gemeente vergader het, was daar baie lampe en mense wat die vertrek bedompig gemaak het. 'n Jongman, Eutigus, het onder die preek ingedut en homself doodgeval uit die vensterbank op die derde verdieping (vers 9). Opvallend is die sobere wyse waarop Lukas die verdere gebeure rondom Eutigus se opwekking uit die dood vertel. Die klem val op die vertroosting wat die gelowiges hieruit put (vers 12). Deur hierdie opwekkingswonder en Paulus se prediking is die gemeente weereens verseker van Christus se krag en nabyheid.

Ons sien hier iets van Lukas se mooi komposisie van die Handelingboek. Hy wil aantoon dat die heidenchristene deur God gelykgestel word met die Christene uit die Jodedom. Daarom vertel hy hoe Petrus, toe die werk in Juda afgesluit is, Tabita opwek (9:10); en as 'n parallelle vertelling, hoe Paulus, toe sy sendingwerk afgehandel is, Eutigus uit die dood opwek. Deur van hierdie twee opwekkinge op so 'n manier te vertel, stel Lukas Klein-Asië op dieselfde vlak as Judea.

In Troas word die enigste troos belewe wat die hoofsaak en die krag van die evangelie is. Lewe jy ook uit hierdie troos? Die kuns is nie om skatte te besit nie, maar vanuit jou rykdom te lewe! Watter rykdom? Net een woord: Christus. Troos is om aan Christus te behoort. Om seker te wees van sy krag en nabyheid in jou lewe. Die vraag of jy hierdie troos ken, kan maklik beantwoord word deur te vra vir wie jy eintlik lewe? Vir jouself of vir Hom?

Sing: Skrifberyming 10:5,6

Prof F Denkema (Potchefstroom)